

Sondag, 7 Februarie 2021
Fokusteks: Markus 1:29-39

Die dag toe ek, na matriek, by die weermagbasis inklaar vir my verpligte militêre diens, moes ek baie dinge baie vinnig leer verstaan. Een daarvan was om die verskillende range te leer ken en te weet wie het nou meer gesag as ander. Van pure vrees en onkunde wou ek almal in die begin salueer, selfs die haarkapper wat ons hare afgeskeer het. Maar nee, as daar nie iets op die skouer van 'n persoon is nie, hoef jy nie te salueer nie, dan moet jy met jou arms strek. Hoe meer strepe op die mou, hoe meer gesag en, bygesê, hoe harder en kwaaiër die stem. Hoe meer sterre en kasteeltjies op die skouer, hoe belangriker was die rang. Maar ons instrukteur het vir my persoonlik tog maar die belangrikste persoon gebly. Hy het immers vir ons gesê: *Van nou af is ek julle ma en julle pa!*

Baie van ons leef steeds vandag in een of ander gesagstruktuur. Die werknemer staan onder die gesag van die werkgewer. Werknemers in die besigheidswêreld sal bekend wees met die sogenaamde "lynfunksie." As jy een of ander probleem nie self kan oplos nie, raadpleeg jy die persoon wat meer gesag of verantwoordelikheid het - dit is die persoon volgende in die lyn van gesag of iemand met 'n bepaalde funksie. Ouers en kinders staan ook in 'n tipe gesagsverhouding teenoor mekaar, of onderwysers en leerlinge. Dis nou wel nie militêre range nie, maar dis 'n manier om mekaar tot diens te wees. Hierdie tipe gesag is nie veronderstel om mense te hiet en gebied nie, maar om die besigheid of instansie of skool se diens aan die gemeenskap op die beste moontlike wyse te laat geskied.

Wanneer Jesus as die Seun van God verskyn en begin optree, doen Hy dit ook met gesag, en wel met die gesag van sy Vader. Wat is die basis vir enige persoon se gesag? Op grond waarvan ken mense gesag toe aan 'n ander persoon se uitsprake en optrede? Dieselfde vrae kan gevra word met betrekking tot Jesus se bediening op aarde. Met watter gesag tree Hy op? Hoe kan mense sy gesagsbron raaksien en erken? Hierdie vraag is uiteindelik ook belangrik vir die kerk vandag, wanneer ons, in gehoorsaamheid aan Jesus, die boodskap verkondig dat die koninkryk van God naby gekom het. Hoe reageer ons op die gesag van Christus?

So stel Johannes die Doper vir Jesus bekend in Mark.1:7: *Die Een wat ná my kom, is my meerdere. Ek is nie eens werd om te buk en sy skoene los te maak nie.* Met ander woorde, die gesag van Jesus is oortref alle aardse gesag. In 1:12,13 kan die gesag van Jesus nie eens ondermyn word wanneer die satan Hom versoek nie. Dit word nie deur sonde geskend of tot 'n val gebring nie. In 1:16-20 oorrumpel Jesus se gesag manne (die eerste dissipels) om, sonder dat hulle Hom ken, te luister en gehoorsaam reageer wanneer Hy sê: *Volg My.* In 1:21-28 toon Jesus sy gesag en krag oor die duiwels. Selfs hulle gehoorsaam Hom! En in ons teksgedeelte vandag (v.29-39), wys Jesus dat Hy gesag het oor siektes, asook bose magte wat menseleuens wil vernietig. Hy genees siekes, en Hy gee 'n nuwe, bevrydende mag aan mense wat onder die afbrekende mag van die duiwel moes leef.

Wanneer Jesus dus aarde toe kom, kom Hy met krag wat gesien en ervaar word as omgee-liefde. Sy gesag is een van verlossing, van bevryding van sonde, van genesing, van liefde en vrede. Dit druk jou nie vas soos die leer van skrifgeleerdes en Fariseërs nie. Hulle interpretasie van die wet het swaar emosionele en geestelike laste op die mense geplaas. Die gesag van Jesus vernietig nie jou lewe soos wanneer jy onder die mag van sonde staan nie. Dit bring eerder lewe en vrede. Jesus gee om vir elkeen persoonlik (Petrus se skoonma), vir die gemeenskap (dorp se mense) en vir die wêreld (Galilea). Dit is hierdie soort optrede wat mense na God laat vra ... *Almal soek U...* (v.37). En wanneer Jesus na sy kruisiging en opstanding na die hemel opvaar, sê Hy vir sy dissipels: *Aan My is alle mag gegee in die hemel en op die aarde* (Mat.28:18).

Dis nou alles goed en wel om te sê: Jesus het alle gesag. Daar is niemand soos Hy nie. Ek meen, die duiwels het dit ook gesê en erken. Maar ek lees nêrens dat enige duiwel as 'n volgeling aangesluit het by sy dissipels

nie! Dit lyk my jy kan óf kennis neem van sy gesag, óf oorrompel word deur sy krag, sodat jou lewe deur Hom beheer word. Wanneer Jesus se gesag jou lewe bepaal, sal 'n mens dit aan jou gedrag herken.

Is dit nie wat gebeur wanneer ons sekere mense in die wêreld uitsonder na wie ons opsien nie? Jy wil ook doen en leef soos hulle. Die gholfspeler sal kyk na groot name soos Tiger Woods, Ernie Els en jonger spelers wat nou goed presteer. Watter inspirasie kan jy vind in die manier waarop hulle die spel benader? Met watter stokke speel hulle? Hoe berei hulle voor vir 'n toernooi? Watter wenke gee hulle wanneer 'n mens 'n belangrike sethou moet maak? En jy volg dit slaafs na. Daar is baie ander voorbeelde. As jou kind *Spiderman* klaar gekyk het, wil hy dalk 'n *Spidermanpak* gaan koop; hy glo dan hy is *Spiderman*! Sommige mense se lewenswyse word geïnspireer deur glanspersoonlikhede. Wat eet hulle? Hoe trek hulle aan? Watter positiewe lewenskwaliteite is daar wat ek kan navolg? Dan is daar klein kinders. Is dit nie wonderlik om te sien hoedat hulle soms hul ouers op sekere maniere begin na-aap nie? Ja, ek verander dikwels my gholfgreep, my kleredrag, my manier van eet en leef, om iets van die sukses te kan bereik wat die kampioene en suksesvolle persone bereik het.

So, hoekom werk dit dan nie ook so met Jesus nie? Hy is tog die Een wat alle gesag in die wêreld het. Gesag om te kan genees, te red, te verlos, te bevry, te vertroos. Hoekom is dit so moeilik vir ons om ons gedrag deur Hom te laat bepaal? Verstaan ons dan nie dat ons kan deel in die gesag van Jesus nie? Wat is Jesus se geheim van sy gesag? V.35 sê: *Die môre vroeg, toe dit nog nag was, het Hy opgestaan en buitentoe gegaan na 'n eensame plek en daar gebid.* In Joh.5:19 sê Jesus: *Die Seun kan niks uit sy eie doen nie. Hy doen maar net wat Hy die Vader sien doen; wat die Vader ook al doen, doen die Seun ook net so.* Jesus kan met gesag optree vanweë sy lewe van volkome oorgawe aan sy Vader.

Hoekom pas ons ons leefwyses so maklik aan agter die nuutste gier en mode, maar ons sukkel om gehoorsaam te leef aan God? Hoekom na-aap ons ander mense so maklik, maar is ongemaklik met die styl van Jesus? Ek reken die verskil is dat ons die sukses, leefstyle en eer van ander mense sien en dit ook wil hê. 'n Oënskynlike lewe van voorspoed en geluk. As ons by Jesus kom sê Hy: *Neem jou kruis op en volg My.* Wie wil nou met 'n kruis deur die lewe gaan? Hoekom wil jy so 'n lewe navolg? Ons moet egter besef dat Jesus se optrede nie dié van sy eie is nie. Wat Hy doen, doen Hy omdat die Vader dit so wil hê. Hy moes gehoorsaam bly tot die dood toe. Maar daardie lewe van totale oorgawe en gehoorsaamheid het uitgeloop tot die lewe en die opstanding uit die dood. Ons moet ook verstaan dat ons gebede en gehoorsaamheid nie 'n manier is om God te manipuleer nie. Ons moet onthou: Ons is God se mense. Jesus is nie 'n soort middel of gebruiksisem wat ons kan gebruik vir ons persoonlike doelwitte tot sukses nie. Jesus laat ook nie sy optrede bepaal deur mense nie. Hy fokus slegs op die wil van sy Vader. God se program vir verlossing vir die wêreld word ook nie deur mense se besluite bepaal nie. Hy neem inisiatief en ons moet daarby inval. So, wanneer ons bid, is dit om daarmee God se gesag oor my lewe te erken.

God het van die begin af nog nooit daarin behae geskep om die mens te verwilder of af te breek met sy gesag nie. Nee, wanneer sy gesag oor ons spoel, word ons diensbaar. Dit is wat met Petrus se skoonma gebeur. Die oomblik wanneer sy gesond gemaak word, begin sy om mense te bedien (31). Ons vind ook dikwels in die Bybel dat, wanneer iemand van die duiwel se mag bevry word, daardie persoon 'n getuie vir die Here word. Mense begin praat oor die gesag van Jesus. God beheer my lewe ter wille van die welsyn en vrede van my naaste. So gebruik Hy my as instrument en kanaal vir sy vrede en liefde.

Een van die belangrikste maniere om te verstaan wat God se wil met my is, is om tyd met God deur te bring. Dis wat Jesus doen wanneer Hy bid. So bly Hy afhanklik en in voeling met sy Vader. Sonder gebed sal ons ook nie ons daaglikse opdragte kan uitvoer nie. Soos iemand sê: *Power happens when prayer happens.* Neem die styl van Jesus aan en bid soos Hy. Bid vir die gesag en wil van God oor jou lewe en oor die lewe van ander mense. Hy is ons hoop. Hy is ons krag. Volg Hom na.

Gebed (Lied 271:2)

Heil'ge Jesus, hoor my bede:
Hervorm my hart, my krag, my rede;
maak my al meer u beeld gelyk.
Vorm my wil en ook my wandel,
dat in my denke, spreke, handel
in alles slegs u beeld sal blyk.
Herskep opnuut, o Heer,
my lewe tot u eer.
Heil'ge Jesus,
o heilig my, wil U my lei
om my geheel aan U te wy.